# BRITS RUSOORD

Die tehuis bied verblyf aan 110 inwoners. Daar is enkel en eenslaapkamer woonstelle vir die onafhanklike inwoners en 24 uur sorg vir die verswakte bejaardes. Brits Rusoord spesialiseer in Alzheimer/Demensie versorging en bied aparte akkommodasie, privaat sit/eetkamer en privaattuin met 24-uur verpleegsorg.

Brits Rusoord se missie is om ten alle tye ‘n hoë gehalte diens te lewer. Verpleegsorg word aangebied met die filosofie dat voorkoming beter is as genesing. Vriendelike, geduldige en respekvolle versorging, ‘n hoë higiëniese standaard en goed opgeleide personeel is ononderhandelbaar.



Elke inwoner kry persoonlike versorging. Die inwoner se afhanklikheid word geëvalueer en toepaslike versorging word voorsien. Die versorgingstariewe word ook in ooreenkoms met die evaluering bepaal. Persoonlike versorging strek vanaf ondersteuning met roetine daaglikse aktiwiteite tot totale intensiewe sorg.




Inwoners word verteenwoordig deur die Inwonerskomitee wat maandeliks saam met die bestuur vergader om te sorg dat die inwoners se belange altyd prioriteit geniet.

Kontak ons en kom kuier gerus. Kontak besonderhede 012 252 7043 of stuur 'n epos aan bestuur@britsrusoord.co.za of verpleeg@britsrusoord.co.za.

